higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE FINANSIES N5

30 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Direkte deelname van openbare sektor aan die finansiële besluitnemingsproses

1.1.2 Projektoelaes word vir die befondsing van spesifieke kapitaal-projekte verleen

1.1.3 Regsadviesdienste in die kantoor van die staatsprokureur lewer regsondersteuning aan regeringsliggame wat by hofsake getrokke is of wanneer dienste uitgekontrakteer word

1.1.4 Verkose verteenwoordigers van landsburgers

1.1.5 Kieser neem direk ‘n besluit deur vir ‘n politieke partye of verteenwoordiger te stem

1.1.6 Ondersoek van finansiële rekords om te kontroleer dat transaksies korrek opgeteken is

1.1.7 Kontrolering van kostebepalings en rekeningkunde, interne ouditering, bateversekering en beleggings en betalingsmetodes

1.1.8 Regeringsmag in die hande van mense eerder as dat dit deur verteenwoordigers uitgeoefen word

1.1.9 Verkose verteenwoordigers wat namens kiesers besluit

1.1.10 Verantwoordelik vir die verkryging van alle goedere en dienste

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 Waar
1.2.2 Waar
1.2.3 Waar
1.2.4 Waar
1.2.5 Waar
1.2.6 Onwaar
1.2.7 Waar
1.2.8 Onwaar
1.2.9 Waar
1.2.10 Waar
1.2.11 Onwaar
1.2.12 Onwaar
1.2.13 Waar
1.2.14 Waar
1.2.15 Waar

(15 × 2) (30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Verklaring van voorneme✓ wat die ideologie van die bewindhebbende party weerspieël✓
- Werkprogram✓ wat aandui hoe daardie departement beoog om openbare diens te lewer✓
- Bron van inligting✓ wat aantoon hoeveel dienste verskaf sal word✓
- Bevordering van toerekenbaarheid/aanspreeklikheid✓ in die geval van wanbestuur✓
- Beheerinstrument✓ deur te beraam hoeveel om aan 'n program te spandeer✓ (5 × 2) (10)

2.2
- Per capita-inkomste van die gemeenskap
- Inkomstepotensiaal van ideale belastingstelsel
- Potensiële inkomste wat binne bepaalde afgebakende area ingevorder kan word (3 × 2) (6)

2.3
- Minder regeringsinmenging✓ in landsburgers se lewens✓ veral in ekonomiese aktiwiteite✓ van koop en verkoop✓
- Voorsien basiese toestande vir vrye mededinging,✓ handhawing van wet en orde✓ afdwinging van kontrakte, beskerming van privaat eiendom,✓ en verdediging van die land teen vyande ✓
- Mededinging✓ word vrylik en sonder regulering toegelaat ✓ (5 × 2) (10)

2.4
- Algemeen aanvaar as ideale demokratiese besluitnemingsmodel waaraan belastingbetaler-cum-kieser direk deelneem
- Moeilik en duur in gemeenskappe
- Beginsel word steeds nagekom alhoewel metode nie werkbaar is nie
- Diegene wat nie self direk kan deelneem nie verkies iemand namens hulle, maar dit werk net as die verkose verteenwoordiger toerekenbaar is.
- Gevalle van korrupsie, diefstal en wanbestuur is baie algemeen. (5 × 2) (10)

2.5 Spesifieke voorwaardes✓ word aan die besteding van geld verbind.✓ Kan in die vorm wees van breë riglyne✓ of spesifieke voorskrifte.✓ In 'n veranderlike of onbeperkte voorwaardelike toelae✓ kan die ontvanger-regering✓ toenemende druk ondervind✓ vir fondse as gevolg van veranderende eksternaliteite.✓ Vaste of beperkte voorwaardelike toelaes✓ is meer algemeen✓ en word gebruik om kollektiewe dienste landwyd te voorsien ✓ soos provinsiale biblioteke.✓ Instrument nie net om ongelykheid te verminder nie✓ maar ook om inter-regeringsbetrekkinge en -samewerking te bevorder.✓ (14)

[50]

VRAAG

3.1 Konsensusbesluitneming
'n Gemeenskap moet klein genoeg wees sodat elke belastingbetaler aan die finale besluitnemingsproses kan deelneem.✓✓
Algemene instemming tussen alle partye moet moontlik wees.✓✓
Dit is 'n duur model omdat dit moeilik is om almal oor elke kwessie tevrede te stel.✓✓

Meerderheidsbesluitneming
Alle belastingbetalers neem steeds deel, maar slegs die meerderheid se besluit geld.✓✓
Meerderheid: 50% + 1 stem – dit beteken dat 49% betaal vir iets wat hulle nie wil hê nie.✓✓
Die wense van die minderheid word dikwels geïgnoreer.✓✓ (2 × 6) (12)

3.2
- Finansiële rekeningkunde – hou rekord van inkomste en uitgawes
- Veilige bewaring – Pas die geld op wat ingevorder is
- Besteding van openbare geld – Spandeer geld eerlik, verantwoordelik, effektief en doeltreffend
- Rekeningkundige beampte mag nie sy/haar verantwoordelikhede aan enige ondergeskikte delegeer nie (4 × 2) (8)

3.3
- Dit erken nie bepaalde en privaat eienaarskap/besit van produksie nie.
- Die regering besluit hoe en vir watter doel die produksiefaktore aangewend sal word.
- Daar is 'n verbod op alle kapitalistiese of vryemarkstelsels.
- Herverdeling van inkomste vind plaas deur hewige gebruik van belasting.
- Maatskaplikesekerheidsvoordele soos pensioene, werkloosheidsvoordele, gratis gesondheidsdienste en onderwys word kollektief uit progressiewe belastingbronne voorsien.
- Die regering waarborg 'n minimum lewenstandaard. (6 × 2) (12)

3.4
- Speel leidende rol in opstelling van die begroting
- Lê konsepbegroting aan die raad voor vir oorweging
- Lewer begrotingsrede en verduidelik belangrike aspekte
- Doen aanbevelings oor belastingkoers (plaaslik); verbruikerstariewe, gebruikerskoste en heffings
- Neem beheer van toesighouding en kontroleer die uitvoering van die begroting nadat dit goedgekeur is
- Rapporteer finansiële ongerymdhede deur amptenare, raadslede of komitees
- Rapporteer aan die raad oor enige afwyking van besteding en doen aanbevelings oor sulke afwykings
- Neem die leiding in invordering, bewaring en besteding van inkomste
- Verseker dat oorskotfondse op 'n oordeelkundige manier belê word vir die onderhandeling van groot kontrakte (9 × 2) (18)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Denasionalisering✓ – neem bedryf weg van die regering✓

- Verkoop van bates✓
- Moet mededinging deur ander maatskappye wees wat soortgelyke dienste wil lewer ✓

Uitkontraktering – laat privaat individue toe om dienste te lewer✓

- Gewilde manier van privatisering van openbare dienste✓
- Plaaslike of nasionale owerhede moet steeds vir die dienste betaal.✓
- Laagste tender word gewoonlik aanvaar.✓

- Deregulering – verwyder regs/monetêre struikelblokke of regulasies/wette sodat 'n bedryf geen beskerming teen mededinging deur ander het nie.✓
  - Dit behels die verwydering van enige wet of regulasie ✓ wat privaat maatskappye verhoed om met 'n staatsdepartement of staats-korporasie mee te ding.✓
  - Voorbeeld: selfoonverskaffers ✓

- Depolitisering✓ – skei belangrike dienste van partypolitiek.✓
  - Baie dienste soos watervoorsiening ✓ moet nooit 'n politieke kwessie wees nie ✓ (4 × 4) (16)

4.2
- SA-burger met gespesialiseerde kennis van en ervaring in die ouditering van staatsfinansies en publieke administrasie
- Genomineer deur gesamentlike komitee van Nasionale Vergadering en Nasionale Raad van Provinsies sonder debat deur absolute meerderheid van twee-derdes
- Deur die staatspresident aangestel
- Aangestel vir drie maar nie meer as 10 jaar
- Kan deur die president weens wangedrag of onbekwaamheid verwyder word (5 × 2) (10)

4.3
- Byhou van finansiële rekords
- Invordering/Betalings van alle geld verskuldig deur en aan die raad
- Registrasie van lenings en rentebetalings van lenings
- Bestuur van alle fondse en beleggings
- Optekening van kapitaalbates en depresiasie
- Aankoop en bewaring van alle voorraad en materiale (6 × 2) (12)

4.4
- 48% = Party A
- 42% = Party B
- 10% = Party C (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.5
- Staatsdrukker
- Timmerhoutplantasies
- Administratiewe dienste
- Vervoerdienste
- Waterwerke (Enige 3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou